# Argief en Inligting
## NG Kerk van KwaZulu-Natal

345 Burgerstraat
PIETERMARITZBURG


NAVORSINGSPROSEDURE

Wat familie-navorsing aanbetref, neem asseblief kennis van die volgende.

In ons argief word die lidmate-, dooplidmate- en huweliksregisters van Natalse gemeentes bewaar. Die oorspronklike versameling registers is nie volledig nie, omdat enkele gemeentes nog in besit is van hul registers.

Die tydperk 1836 – 1910 word in B Cilliers se Genealogie-boek saamgevat en maklik om gou na te slaan. Die inligting daaruit word gratis beskikbaar gestel.

***Afskrifte*** van die oorspronklike registers is in bewaring waaruit navorsing gedoen kan word.

Die argiefkantoor onderneem nie familie-stamboom navorsing nie. Ons volg dus nie leidrade op nie en maak nie gevolgtrekkings namens die aanvraer nie. Komplekse navrae sal onderneem word soos wat die tyd tussen ons normale take dit toelaat.

Navorsers wat van hulle bona fides bewys kan lewer, kan gratis by die argief navorsing doen.

**Die prosedures vir familie- en inligtingsnavorsing by die argief is soos volg:**

- U kan ‘n afspraak maak om die argief te besoek en self die naslaanwerk doen teen ‘n fooi van R200 per dag, ongeag die aantal ure wat die besoek duur.

- U kan navrae per e-pos of faks aan ons stuur.

- Ons hef egter ‘n tarief vir die tyd gespandeer aan navorsingsnavrae.
  Tariewe:
  - R80 per half-uur.
  - Afskrifte per gewone pos: R80 per koevert.

Met vriendelike groete
Hannelize van Wyk


Tel: 033 345 2279
Faks: 086 686 6160
epos: argief@ngkzn.org.za